# DIE RSG RADIODRAMASKRYFKOMPETISIE IN SAMEWERKING MET DIE ATKV

## REËLS VIR 2025

# REGLEMENT

Radio bereik reeds dekades lank luisteraars oor geografiese grense heen. Vandag is daar soveel méér platforms waarop die medium leef. Daar kan nou aanlyn, digitaal, op ‘n radiotoestel en as potgooi, na radio geluister word. Daar is egter een aspek wat nooit sal verander nie en dit is die wonder van klank. Deur al die vooruitgang bly klank die kern van radio.

Drama is dié aspek van radio wat klank op talle maniere inspan. Dit neem die luisteraar op ‘n reis deur tyd, plek en emosie. Die storie word ingekleur met woorde, musiek, byklanke en effekte. Klank is werklik die beeld van radio.

Natuurlik is geen drama moontlik sonder ‘n teks nie. ‘n Teks is afhanklik van ‘n skrywer wat ure, dae, maande wroeg, sweet, huil en lag saam met karakters wat lewendig word op papier. ‘n Skrywer is in die leefwêreld waarin die storie afspeel. Luisteraars moet kan aanklank vind en hulle vereenselwig met die drama.

Dit is nou jou beurt om daardie verborge talent aan te wend. Sit jou pen op papier en word dalk die volgende wenner van die RSG Radiodramaskryfkompetisie. Die kompetisie word aangebied in samewerking met die ATKV.

# HOE LYK ‘N WENTEKS

- Oorspronklike, nuwe radiodrama in Afrikaans
- Goeie karakters en storielyn
- Boeiende dialoog vir radio
- Kleurvolle klanke
- Dink uit die boks uit

# KITSFEITE

- Daar is geen voorgeskrewe tema nie
- Die volle spektrum van Afrikaans kan gebruik word
- Een deelnemer, een teks
- Maksimum van sewe karakters
- Die tydsduur is tussen 45 en 55 minute, (40 tot 45 A4 bladsye)
- Gebruik die regte radioformaat
- Geen vorige inskrywings, verwerkings, gepubliseerde-, of vorige radiotekste wat elders uitgesaai is nie
- ‘n Gratis slypskool in Gauteng en die Wes-Kaap
- Lees die reëls noukeurig deur
- Buitelandse deelnemers moet, in die geval van ‘n prysgeld uitbetaling, ‘n geldige Suid-Afrikaanse bankrekening in die naam van die deelnemer of ‘n gevolmagtigde verskaf. Versuim om dit na te kom sal lei tot diskwalifikasie.

## HOE LYK DIE INSKRYWINGS

- Alle inskrywings word aanlyn met ‘n skakel op www.rsg.co.za ingedien
- Die teks moet in Word formaat opgelaai word
- Die skrywer se naam mag NIE OP DIE TEKS VERSKYN NIE
- Elke deelnemer ontvang erkenning van ontvangs
- Indien jy geen erkenning van ontvangs gekry het nie, volg jou inskrywing op deur ‘n e-pos na eddie@rsg.co.za te stuur.

## BELANGRIKE DATUMS

Bekendstelling op 17 Maart 2025

Gratis slypskool op Saterdag 3 Mei 2025 om 09:00 te Seepunt, Kaapstad

Gratis slypskool op Saterdag 17 Mei 2025 om 09:00 te Radiopark, Auckland Park, Johannesburg

Inskrywings sluit Donderdag-oggend, 31 Julie 2025 om 08:00

Uitslae word op Dinsdag 13 Januarie 2026 in Spitstyd op RSG aangekondig.

## BEOORDELING

Beoordelaars is onafhanklik, ervare en onpartydig. Die beoordelaars se beslissing is finaal. Geen korrespondensie sal oor beslissings gevoer word nie. RSG behou die reg voor om ’n prys of pryse nie toe te ken nie indien die beoordelaars van mening is dat dramas nie op die gevraagde standaard is nie.

## WAT IS OP DIE SPEL

Eerste prys
R50 000

Tweede prys
R25 000

Derde prys
R15 000

Jong skrywer (tussen 15 en 30 jaar)
R15 000

Merieteprys:
R10 000

## REËLS

***TEKSTE WAT NIE HIERAAN VOLDOEN NIE, SAL NIE KWALIFISEER NIE***

**1.** **Die kompetisie is vir enigeen wat in Afrikaans skryf. Daar is geen voorgeskrewe tema nie.**

**2.** **Inskrywings moet oorspronklike werk wees, en nie verwerkings van enige materiaal wat voorheen gepubliseer is, uitgesaai is of in enige vorm opgevoer is nie. Die inskrywing mag ook nie 'n teks wees wat aan 'n uitgewer, vervaardiger of kunstefees voorgelê is, en wat ten tye van die kompetisie aanvaar is, of voor die uitslae bekend gemaak word, gepubliseer of elders opgevoer gaan word nie. Dit moet 'n nuwe radiodrama wees wat nog nie voorheen vir die RSG-kompetisie (of enige ander wedstryd) ingeskryf is nie. Verwerkings van verhoogtekste (of enige ander ongepubliseerde materiaal) word nie aanvaar nie. RSG behou die reg op alle inskrywings vir twaalf (12) maande ná ontvangs, en die tekste mag nie elders voorgelê, opgevoer of ingeskryf word nie.**

**3.** **Die volle spektrum van Afrikaans kan gebruik word, mits dit toeganklik is vir die luisteraar. Daar is geen beperking op die gebruik van taalvermenging, dialekte of streekvariante nie, maar slegs wanneer dit funksioneel, verantwoordbaar en natuurlik is.**

**4.** **Geen deelnemer mag meer as een inskrywing voorlê nie.**

**5.** **Die eersteplek wenner van die 2025-kompetisie mag nie in 2026 weer inskryf nie, maar kwalifiseer om in 2027 weer deel te neem. In 2026 sal die wenner genooi word om op 'n alternatiewe manier by die kompetisie betrokke te wees.**

**6.** **Die duur van die drama moet tussen 45 en 55 minute wees – sowat 'n minuut per bladsy. Dit is ongeveer 40 tot 45 A4-bladsye wat volgens die voorskrifte getik en uitgelê is.**

**7.** **Daar mag *hoogstens SEWE karakters* wees. Dit beteken nie jy móét sewe gebruik nie.**

**8.** **Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.**

**9.** **Daar is altesame vier pryse: *Eerste prys R50 000, Tweede prys R25 000*, *Derde prys R15 000 en 'n prys van R15 000 vir 'n Jong Skrywer.* Die doel van laasgenoemde is om jong skrywers (15 tot 30 jaar) aan te moedig om te skryf. Daar is ook vanjaar 'n merieteprys van R10 000 – aangewys deur konsensus.**

**10.** **Buitelandse deelnemers moet, in die geval van 'n prysgeld uitbetaling, 'n geldige Suid-Afrikaanse bankrekening in die naam van die deelnemer of 'n gevolmagtigde verskaf. Versuim om dit na te kom sal lei tot diskwalifikasie.**

**11.** **RSG behou hom die reg voor om 'n prys of pryse nie toe te ken nie indien die beoordelaars van mening is dat dramas nie op die gevraagde standaard is nie.**

**12.** **Die sluitingsdatum is die oggend van *31 JULIE 2025 OM 08:00 die oggend.* Inskrywings word op die aanlyn skakel ingedien wat beskikbaar is op www.rsg.co.za.**

**13.** **Hoewel alle moontlike voorsorg getref word, aanvaar RSG geen aanspreeklikheid vir die verlies van enige teks nie.**

**14.** **Inskrywings moet vergesel word van 'n kort (een A4-bladsy) CV of biografie wat meer inligting oor die deelnemer verskaf – bv. vorige dramas en/of publikasies (indien van toepassing).**

**15.** **Nadat tekste ontvang is, sal 'n keuringsproses plaasvind en van die skrywers sal genooi word om verder te skaaf aan die tekste met die insette van 'n mentor. Nadat hierdie tekste in hul finale vorm ontvang is, sal die finale beoordeling plaasvind. Daar sal nie gediskrimineer word teen skrywers wat nie aan die mentorstelsel deelneem nie.**

**16.** **Die uitslae word op Dinsdag 13 Januarie 2026 in SPITSTYD op RSG aangekondig.**

**17.** **Geen kommentaar (of terugvoer) word op inskrywings gelewer nie.**

**18.** **RSG behou hom die reg voor om radiodramas wat van uitsaaigehalte is later uit te saai.**

**19.** **Die skrywer se naam mag NIE OP DIE TEKS VERSKYN NIE.**

**20.** **Indien jy nie 'n e-pos ontvang wat ontvangs erken nie, volg jou inskrywing op deur 'n e-pos na eddie@rsg.co.za te stuur.**